GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

HOëRSKOOL VEREENIGING

1. DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE

1.1 Volgens Artikel 8(2) van die S.A. Skolewet, 84 van 1996 is die doel van die gedragskode; "om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die leerproses, te vestig."

Hierdeur wil die skool dus leerders help om

- hulself te dissiplineer aan die hand van aanvaarbare en voorbeeldige gedrag
- respek vir hom/haarself en vir andere te hê
- die verantwoordelikheid vir sy/haar gedrag en optrede te aanvaar.

Die nastreef van Christelike norme en standaarde kan vir leerders na waarde wees.

2. AANHEF

2.1 ***Missie***

Hoërskool Vereeniging se missie is om 'n opvoedkundige program van hoë kwaliteit aan te bied.
Hierin strewe ons om kinders te lei tot verantwoordelike burgerskap in die samelewing waarin hulle gaan staan.

- Ons dien ons gemeenskap
- Ons heg waarde aan:
  - die handhawing van waardes en norme gebaseer op Christelike en nasionale beginsels,
  - elke individu se godsdiensvryheid,
  - elke individu se demokratiese regte,
  - die ontwikkeling van die mens in totaliteit,
  - die voorsiening van effektiewe onderrig wat in markverwante behoeftes kan voorsien,
  - moedertaal as medium van onderrig,
  - funksionering binne die omvattende onderwysstelsel,
  - erkenning van multi-kulturaliteit,
  - die groei van onderwysers,
  - die bevordering van ouerbetrokkenheid.

2.2 ***Onderwerping aan die skoolreëls en die Gedragskode***

2.2.1 Deur die ondertekening van die dokument (of die toelatingsvorm) onderwerp die leerder en sy/haar ouers/voogde hom/haar/hulle aan die reëls en Gedragskode van die skool wat die Dissiplinêre maatreëls insluit.

2.2.2 Onderwysers moet van tyd tot tyd in die voogklasse die inhoud van hierdie dokument onder die aandag van die leerders bring.

2.2.3 Leerders erken dat dissipline en orde 'n voorvereiste is vir die bevordering en instandhouding van die hoë gehalte van die leerproses.

2.3 ***Kode van gedrag***

'n Leerder

2.3.1 se gedrag moet die skool se missie nastreef

2.3.2 moet hom/haar so gedra dat hy/sy nie die skool in diskrediet bring of kan bring nie

2.3.3 moet nie die orde en dissipline in die skool benadeel nie

2.3.4 moet die skoolreëls nakom

2.3.5 moet hom/haar van ongedissiplineerde optrede teenoor personeellede weerhou

2.3.6 moet mede-leerders se menswaardigheid respekteer

2.3.7 moet respek betoon teenoor alle persone wat in 'n gesagsposisie teenoor die leerder staan: die beheerliggaam, onderwysers, ouers, VLR, klasleiers, kapteins van sportspanne, voorsitters van skoolorganisasies, afrigters en skeidsregters

2.3.8 moet hom/haar dissiplineer

2.3.9 word deur hierdie kode gebind om te alle tye op die skoolterrein, skooluitstappies, skooltoere en/of geleenthede wanneer die leerder geïdentifiseer kan word as 'n leerder van Hoërskool Vereeniging hom/haarself aan aanvaarbare gedrag te onderwerp

2.3.10 Moet besef dat die oortreding van hierdie Gedragskode tot strafmaatreëls sal lei.

3. REËLS VAN DIE HOËRSKOOL VEREENIGING

Die reëls by hierdie skool het ten doel:

- Die skep van 'n positiewe leeromgewing
- Die handhawing van orde
- Die bevordering van 'n leerkultuur
- Om aanvaarbare gedrag te bevorder
- Om onaanvaarbare gedrag uit te spel
- Om onaanvaarbare gedrag teen te werk
- Om leerders te beveilig
- Misverstande uit die weg te ruim

3.1 *Skoolbywoning*

- Elke leerder woon die skool gereeld by.
- Elke leerder woon elke klas van elke dag getrou by.
- Indien 'n leerder weens 'n geldige rede afwesig is moet die ouers die skool telefonies of per brief in kennis stel.

3.2 *Daaglikse program*

- Die program word in die skoolrooster uiteengesit volgens 'n 6-dag siklus.
- Op Maandag tree leerders in die vierkant aan om 07:40 en gaan dan o.l.v. VLR-lede die saal binne vir opening.
- Leerders wat laat kom moet eers by die Gradevoog aanmeld.
- Klaswisseling moet vinnig en ordelik geskied en binne 4 minute afgehandel wees.
- Vanaf Dinsdae – Vrydae tree die leerders vanaf 07:30 in die vierkant aan.

3.3 *Voorkoms by die skool*

3.3.1 Meisies

3.3.1.1 **Skoene**: swart standaardskoolskoen wat gepolitoer kan word. Geen stewels word toegelaat nie.

3.3.1.2 **Kouse**: Wit skoolsokkies, net eenkeer omgevou. **Winter:** Lang swartkouse (nie sykouse)

3.3.1.3 **Kleredrag:**

- Blou skoolromp: 'n maksimum van 15cm van die grond af as die leerder op haar knieë staan.
- Wit skoolhemp.
- Donkerblou skooltrui: langmou- of oortrektrui
- Donkerblou standaard langbroek.
- Indien die skoolbaadjie gedra word, moet 'n das gedra word.
- Donkerblou windjakker met skoolwapen.

3.3.1.4 **Naels:**

- Slegs kleurlose naellakbeskermer.
- Indien 'n nael afgeknip kan word wanneer 'n skêr teen die vingerpunt gehou word, is dit te lank.

3.3.1.5 **Hare**:

Hare moet netjies wees.
Skouerlengte hare of langer moet vasgebind wees.

- Stertjies is verbode.
- Geen onnatuurlike kleur word toegelaat nie.
- Slegs wit, swart, blou of neutrale bykomstighede is toelaatbaar.
- Hare mag nie in die oë hang nie.

3.3.2 **Seuns**

3.3.2.1 **Skoene**:

- Swart standaardskoolskoen wat gepolitoer kan word.
- Geen stewels.

3.3.2.2 **Kouse**:

Slegs skoolkouse of swart- of grys kouse by langbroek.

3.3.2.3 **Kleredrag:**

- Kortbroek met kort- of wit langmou skoolhemp.
- Langbroek (met swart belt) en 'n skooldas in die winter.
- Langmouhemp se mou moet opgerol word tot 4-vingerdikte bo elmboog indien saam met kortbroek gedra word.

3.3.2.4 **Hare**

- Netjiese reguitsnit ("square-cut") is toelaatbaar.
- Hare mag nie aan oor raak nie (skoon bo ore).
- Wangbaarde: 'n maksimum va die helfte van die oor en kortgeskeer.
- Geen walle (steps) van enige aard word toegelaat nie.
- Geen snor word toegelaat nie en gesig moet skoongeskeer wees.
- Kuif se maksimumlengte: mag nie wenkbrou raak wanneer afgetrek word nie.
- Geen "undercut" nie.
- Geen gekleurde hare nie.
- Geen oormatige gebruik van gel nie.

3.3.3 **Seuns en Meisies**

3.3.3.1 Slegs skooltruie – langmou- of oortrektruie (slegs meisies).

3.3.3.2 'n Skooldas moet te alle tye saam met skoolbaadjie gedra word.

3.3.3.3 Slegs skoolsweetpakbaadjie saam met ten minste 'n wit skoolhemp.

3.3.3.4 Slegs Hoërskool Vereeniging skoolklere mag gedra word.

3.3.3.5 Leerders mag geen besoekers voor skool of gedurende skoolure in of buite die skoolterrein ontmoet nie.

3.3.3.6 Vrydag mag Vaaldriehoek- en ander provinsiale kleure gedra word asook eerstespandrag.

3.3.3.7 Tydens eksamen in die winter mag leerders geklee in die skoolsweetpak die skool besoek.

3.3.3.8 By sportgeleenthede:
Slegs skoolsweetpak of skooldrag word toegelaat voor of na wedstryde.
Denim en Oranje T-hemp word gedra soos algemeen vooraf gereël.
Spandrag; soos met Hoof gereël.

3.4 **In die klaskamer**

Die skool se reëls m.b.t. gedrag in die klaskamer is daarop gerig om 'n positiewe onderrig- en leerkultuur te bevorder.

- Alle opdragte van die onderwyser moet noukeurig uitgevoer word.
- Huiswerk moet elke dag voltooi word.
- Daar mag nie op meubels geskryf of gekrap word nie.
- Handboeke moet met duursame materiaal oorgetrek word ten einde die handboeke te beskerm.
- Elke leerder se optrede in die klas moet so wees dat dit nie die ander leerders steur nie of die goeie orde versteur nie.
- Selfoongebruik word verbied.

3.5 **Buite die klaskamer**

- Elke leerder is mede-verantwoordelik om die terrein netjies te hou.
- Elke leerder is mede-verantwoordelik om die kleedkamers skoon te hou.
- Geen leerder mag gedurende pouse in 'n klaskamer kom sonder dat daar personeeltoesig is nie.
- Geen leerder mag gedurende pouse in die fietsloods of in die omgewing van die fietsloods kom nie.
- Geen leerder mag op die skoolterrein rook nie.
- Geen leerder mag buite die skoolterrein, in skooldrag, rook nie.
- 'n Leerder wat die terrein moet verlaat, moet voor die tyd 'n brief van sy/haar ouers bring waarin 'n geldige rede vir die versoek gegee word.
- 'n Leerder mag hom/haar nie skuldig maak aan vandalisme, van enige aard, op die terrein nie. Die gebruik van of handel dryf met enige dwelmverwante middels is verbode.
- Leerders mag hulle nie skuldig maak aan seksuele losbandigheid nie.

3.6 **Klaswisseling**

- Twee klokke lui 4 minute uit mekaar tydens die verwisseling van klasse en/of na pouse. Wanneer die tweede klok gelui het, moet alle leerders op hul plekke in die klas-kamers wees. Leerders word uitgesluit en is self verantwoordelik vir die inhaal van agterstallige werk.

3.7 **Beserings of siekte tydens skoolure**

- Indien 'n leerder gedurende skoolure 'n besering opdoen of siek word, moet dit onmiddellik by die kantoor gerapporteer word.
- Die kantoor sal die ouers in kennis stel, indien die besering/siekte ernstig is.
- Geen leerder skakel sy/haar ouers om die siekte/besering aan te meld nie.
- 'n Beseerde/siek leerder mag slegs deur sy/haar ouers, of onder sekere omstandighede, met die ouers se toestemming by die skool gehaal word.

3.8 **Tasse**

- Tasse met 'n harde buiteband of seiltasse met harde afskortings moet gebruik word ten einde boeke te beskerm.
- Geen graffiti word op tasse toegelaat nie.

3.9 **Motors, motorfietse en fietse**

- Leerders wat met hul eie motors na die skool kom moet op die voorgeskrewe plek parkeer – dieselfde geld vir motorfietse en fietse.
- Geen motorfiets of fiets word op stoepe, paadjies, in die vierkant of tussen die motors toegelaat nie.
- Leerders sorg self vir die veiligheid van hulle vervoermiddels.
- Bewys van lisensie moet voorgelê kan word.

3.10 **Buitemuurse bedrywighede**

- Leerders besluit saam met hul ouers aan watter bedrywighede hulle wil deelneem.
- Deelname geskied in die voorgeskrewe skooldrag.

3.11 **Eksaminering en afwesigheid**

- 'n Leerder wat nie 'n geldige rede vir afwesigheid tydens 'n siklustoets of die eksamen het nie, kry 0% vir daardie vraestel.
- Geldige redes vir afwesigheid sluit in: siekte gestaaf deur 'n mediese sertifikaat; begrafnis van slegs die naaste familie (vader, moeder, ouma, oupa, broer of suster).
- Spesiale versoeke sal oorweeg word met betrekking tot begrafnisse.

3.12 **KOSHUISE**

- Geen dagskolier mag tydens skoolure die koshuis besoek sonder die toestemming van die senior huisvader/moeder nie.
- Leerders wat in die koshuis woonagtig is mag die koshuis tydens skoolure slegs met die toestemming van die senior huisvader/moeder besoek.

4. **OORTREDINGS**

ERNSTIGE WANGEDRAG WAT SKORSING TOT GEVOLG KAN HÊ. (Bylae 1 van die Buitengewone Provinsiale Koerant, 4 Oktober 2000)

4.1 'n Leerder sal aan ernstige wangedrag skuldig wees indien hy of sy, opsetlik en sonder gegronde rede –

- leer of onderrig in 'n klas ernstig bedreig, ontwrig of frustreer;
- aan 'n sameswering deelneem om die behoorlike funksionering van die skool deur kollektiewe aksie te ontwrig;
- die waardigheid van enige leerder aantas of enige leerder of ander persoon belaster, waaronder ook die maak van rassistiese aanmerkings;

- enige toets- of eksamenmateriaal versprei of besit wat iemand anders in staat kan stel om 'n onregverdige voorsprong in 'n toets of eksamen te kry;

- in 'n toets of eksamen of enige ander vorm van beoordeling, soos take, kul;
- aan enige daad van openbare onsedelikheid deelneem;
- iemand anders seksueel teister;
- in besit gevind word van pornografiese materiaal of dit versprei; of
- onder die invloed is van, of in besit is van alkohol.

BYLAE 2 : (ERNSTIGE WANGEDRAG WAT UITSETTING TOT GEVOLG KAN HÊ)

'n Leerder sal skuldig wees aan ernstige wangedrag indien hy of sy-

- skuldig bevind word aan wangedrag soos in Bylae 1 nadat hy aan dieselfde of soortgelyke wangedrag skuldig bevind is by twee vorige geleenthede;
- versuim om te voldoen aan 'n straf of skorsing as 'n korrektiewe maatreël; of
- opsetlik en sonder gegronde rede-
  - enige dokument of handtekening vervals waar dit potensiaal of werklik tot nadeel van die skool kan wees;
  - met enige toets of eksamenvraestel of met enige toets of eksamenmateriaal handel dryf;
  - poog om enige persoon om te koop of enige persoon omkoop ten opsigte van enige toets of eksamen of homself/haarself of 'n ander persoon in staat te stel om onregverdig voordeel daaruit te trek;
- hom/haar skuldig maak aan bedrog;
- hom/haar aan diefstal skuldig maak;
- oneerlik optree tot nadeel van 'n ander persoon;
- in besit gevind word van enige onwettige middel (dwelms of narkotiese middels), dit gebruik of daarmee handel dryf.
- in besit is van enige gevaarlike wapen;
- 'n persoon aanrand of dreig om 'n ander persoon aan te rand;
- enige persoon gyselaar hou;
- enige persoon vermoor;
- enige persoon verkrag; of deelneem aan enige seksuele aktiwiteit wat 'n oortreding van die wet is;
- eiendom kwaadwillig beskadig.

5. TUGMAATREËLS

- Tug moet gesien word en hanteer word as 'n opvoedkundige instrument wat gebruik word ter bevordering van die leerders se ontwikkeling.
- Die leerder moet deeglik ingelig wees oor die funksionering van die stelsel.
- Die onderwysers moet die stelsel eenvormig en konsekwent toepas.
- Die ouers moet hierdie stelsel begryp en saamwerk in die toepassing daarvan.
- Elke situasie word op sy eie meriete behandel.
- Elke oortreder sal die kans gegee word om sy/haar saak te stel.
- Steun sal aan leerders gegee word.
- Ouers sal skriftelik kennis kry van ernstige oortredings en van oortredings wat herhaaldelik voorkom.
- Verslag sal op die voogkaart gehou word deur die persoon wat die saak hanteer.

5.1 TUGINSTELLINGS:

Tug kan deur enige van die volgende persone of instansies toegepas word. Dit word gedoen binne die perke wat deur wetlike bepalings daar gestel is.

- Die skoolhoof;
- Onderwysers;
- Die Tugkomitee – Hoof, Adjunkhoofde en personeel toegewys;
- Dissiplinêre Komitee vir ernstige wangedrag (Buitengewone Provinsiale Koerant no. 480, 17 April 1998.)

Die VLR het geen tugbevoegdheid nie. By skuldigbevinding kan straf/strawwe opgelê word soos in hierdie Gedragskode uiteengesit.

'n Leerder kan teen sy/haar skuldigbevinding en/of straf appèl aanteken.
Indien die leerder hierteen appèl aanteken, word die saak aan die skoolhoof gerapporteer.

Tugmaatreëls deur die onderwyser behels een van die volgende:

- Berisping;
- Detensie tydens pouse/voor skool;
- Detensie tydens 'n strafsessie;
- Skoonmaak van fasiliteite;
- Addisionele werksopdrag;
- Aanmelding by die standerdvoog.

Die onderwyser moet die aard van die oortreding en tugmaatreël in die leerder se vooglêer aanteken. Die straf moet pas by die oortreding en nie onredelike eise aan die leerder stel nie. Die doelwitte van hierdie Gedragskode moet steeds in die oog gehou word.

6. UITSLUITING (OPSKORTING)

6.1 Volgens die S.A. Skolewet is die uitsluiting van leerders uit die skool vir tot 5 skooldae 'n wettige wyse waarop die orde gehandhaaf kan word.

6.2 Uitsluiting beteken dat 'n leerder die dag onmiddellik na die saak hanteer is, uit die skool uitgesluit word.

6.3 **So 'n leerder mag nie**

- die klasse bywoon nie.
- aan sport deelneem gedurende daardie tydperk nie.
- aan sosiale aktiwiteite van die skool deelneem gedurende daardie tydperk nie.
- siklustoetse gedurende daardie tydperk skryf nie en kry gevolglik geen punte vir die betrokke vraestel(le) nie.

7.1 STRAFSESSIE

- Na herhaalde oortredings of een ernstige oortreding kan 'n leerder na 'n strafsessie verwys word.
- Dit vind op 'n bepaalde middag tussen 14:00 en 17:00 by die skool plaas.
- Hiertydens doen 'n leerder addisionele huiswerk, strafwerk of voorbereiding vir toetsing.

8. INSTELLING VAN DISSIPLINÊRE MAATREËLS

8.1 Afhangende van die aard van die oortreding (sake anders as ernstige wangedrag) kan die volgende prosedure gevolg word (ernstige wangedrag uitgesluit):

- Oortredings in die klaskamer of terrein:

Die vakonderwyser/voogonderwyser tree op soos in die Gedragskode uiteengesit onder punt 4 – indien die saak nie opgelos is nie word dit by die standerdvoog aangemeld. Indien hy/sy die saak nie oplos nie word dit by die adjunk/skoolhoof aangemeld vir hantering.

9. INSTELLING VAN DISSIPLINÊRE STAPPE WAT TOT OPSKORTING OF SKORSING KAN LEI

(Die besonderhede hieronder word aangehaal uit die Buitengewone Provinsiale Koerant, 17 April 1998, no. 480)

9.1 Slegs die skoolhoof of direk gedelegeerde mag dissiplinêre stappe teen 'n leerder t.o.v. ernstige wangedrag instel.

9.2 Die skoolhoof mag slegs dissiplinêre stappe teen 'n leerder ten opsigte van ernstige wangedrag instel indien –

- daar genoegsame bewyse is om sodanige stappe in te stel; en
- die Skoolhoof dit ag in die beste belange van die skool en sy gemeenskap om sodanige dissiplinêre stappe in te stel.

10. DISSIPLINÊRE KOMITEE VIR ERNSTIGE WANGEDRAG

10.1 By kennisgewing van die Skoolhoof dat hy of sy dissiplinêre stappe teen 'n leerder ingevolge regulasie 6(2) ingestel het, moet die beheerliggaam van die skool 'n Dissiplinêre Komitee aanwys om die bewering van ernstige wangedrag aan te hoor.

10.2 Onderworpe aan subregulasie (3) moet die dissiplinêre Komitee, wat aldus deur die beheerliggaam aangewys word uit drie persone bestaan, wat óf lede van die beheerliggaam is óf persone wat kwalifiseer om as lede van die beheerliggaam verkies te word.

10.3 Die aanstelling van persone op 'n Dissiplinêre Komitee is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee moet 'n ouerlid of 'n gemeenskapslid van die beheerliggaam wees;
- die twee oorblywende lede van die Dissiplinêre Komitee mag nie die Skoolhoof of 'n leerder van die skool wees nie (hulle kan wel as getuie geroep word);
- geen persoon mag op die Dissiplinêre Komitee aangestel word indien hy of sy enige persoonlike kennis dra van enige saak wat by die verhoor betwis word nie.

10.4 Die Beheerliggaam kan 'n vaste komitee aanstel.

10.5 'n Lid van die uitvoerende komitee van die verteenwoordigende raad van leerders (VLR) mag die verhoor as 'n waarnemer bywoon.

11. PROSEDURE VAN VERHOOR VOOR DIE DISSIPLINÊRE KOMITEE VIR ERNSTIGE WANGEDRAG (soos vervat in die Buitengewone Provinsiale Koerant, 4 Oktober 2000 p.14 e.v.)

11.1 By kennisgewing deur die hoof aan 'n leerder dat dissiplinêre stappe teen daardie leerder gedoen word, moet die beheerliggaam 'n dissiplinêre komitee aanstel en een van die lede van die dissiplinêre komitee as voorsitter aanwys om die bewering van ernstige wangedrag te bereg.

11.2 Die Dissiplinêre komitee bestaan uit lede soos in paragraaf 10 genoem.

12. PROSEDURE VIR VERHOOR VAN ERNSTIGE WANGEDRAG

12.1 'n Leerder wat van ernstige wangedrag aangekla word, is geregtig op 'n verhoor wat deur die dissiplinêre komitee bereg word.

12.2 'n Leerder wat van ernstige wangedrag aangekla word, moet minstens 5 (vyf) skooldae skriftelike kennis gegee word van die verhoor vir die beweerde wangedrag, tensy –

- die beheerliggaam om goeie redes gelas word dat 'n korter kennistydperk moet geld; en

- die leerder nie deur die korter kennistydperk benadeel sal word nie.

12.3 Die kennisgewing moet-

- voldoende besonderhede bevat van die datum, plek en aard van die beweerde ernstige wangedrag sodat die leerder die onderhewige voorval kan identifiseer en daarop kan reageer.
- die leerder in kennis stel van die aanklagte, plek, datum en tyd van die verhoor.
- die leerder in kennis stel van die voorlopige skorsing, indien wel, die redes daarvoor en enige ander aangeleentheid wat in verband met die voorlopige skorsing nodig is; en
- die leerder in kennis stel van die regte van 'n leerder hierkragtens.

12.4 Die hoof moet die kennisgewing aan die leerder gee en 'n afskrif daarvan aan die ouers van die leerder lewer by die adres van die leerder soos in die skool register aangedui, of aan die ouer by die skool tydens besoek oorhandig.

12.5 Minstens een van die ouers van die leerder moet die leerder by die verhoor vergesel, tensy die leerder 21 (een en twintig) jaar of ouer is.

12.6 Indien 'n lid van die dissiplinêre komitee, die leerder, sy of haar verteenwoordiger of 'n getuie 'n tolk benodig, mag die dissiplinêre komitee nie met die verhoor begin nie, alvorens 'n tolk wat in die betrokke taal vaardig is, beskikbaar gestel is: Met dien verstande dat dit nie nodig is om van 'n formeel gekwalifiseerde tolk gebruik te maak nie.

12.7 Indien die leerder versuim om voor die dissiplinêre komitee te verskyn na behoorlike kennis-gewing ingevolge subparagraaf 5.2 en sonder gegronde rede vir versuim om die verhoor by te woon, kan die verhoor in afwesigheid van die leerder voortgaan.

12.8 Die dissiplinêre komitee moet 'n volledige en akkurate rekord van alle verrigtinge voor hom hou.

12.9 Die aanklaer moet die verrigtinge by die verhoor begin deur die aanklag teen die leerder uiteen te sit en daarna die saak teen die leerder te stel.

12.10 Die voorsitter van die dissiplinêre komitee moet die leerder vra of die leerder skuldig of onskuldig pleit op die aanklag. Die leerder moet daarop antwoord. Indien die leerder versuim om te antwoord, word die leerder geag onskuldig te pleit op die aanklag.

12.11 Indien die leerders skuldig pleit op die aanklag –

- moet die voorsitter die leerder ondervra met verwysing na die beweerde feite wat die wangedrag uitmaak, soos deur die aanklaer uiteengesit, ten einde die dissiplinêre komitee te oortuig dat die leerder inderdaad skuldig is aan die aanklag;
- moet die voorsitter, indien dit tydens die ondervraging van die leerder blyk dat die leerder se weergawe wesenlik verskil van die feite soos deur die aanklaer uiteengesit, of indien die voorsitter nie oortuig is dat die leerder skuldig is aan die aanklag nie, 'n pleit van onskuldig ten opsigte van die aanklag namens die leerder aanteken;
- moet die dissiplinêre komitee, indien die dissiplinêre komitee of die meerderheid van sy lede oortuig is dat die leerder skuldig is aan die aanklag, die leerder skuldig bevind aan die aanklag.

12.12 Indien die leerder onskuldig pleit op die aanklag –

- kan die aanklaer getuies roep of ander getuies onder eed aanbied ten opsigte van die bewerings teen die leerder;

- kan die leerder of die verteenwoordiger van die leerder enige getuie ondervra en enige getuienis wat deur die aanklaer aangebied is, ondersoek;
- kan die leerder of die verteenwoordiger van die leerder, nadat al die getuienis teen die leerder aangebied is, getuies roep of ander getuienis onder eed aanbied ter stawing van die verdediging;
- kan die aanklaer enige getuie ondervra en enige getuienis wat namens die leerder aangebied is, ondersoek;
- kan die dissiplinêre komitee te eniger tyd enige getuie ondervra of enige getuienis ondersoek;
- kan eers die aanklaer en dan die leerder of die verteenwoordiger van die leerder, nadat al die getuienis aangebied is, die dissiplinêre komitee toespreek oor die skuld al dan nie van die leerder;
- moet die dissiplinêre komitee daarna die verhoor verdaag vir hoogstens 2 (twee) skooldae.
- daar moet op 'n bepaalde plek, datum en tyd besluit word, sodat daar, na die twee skooldae, besluit kan word of die leerder volgens oorwig van waarskynlikheid skuldig of onskuldig is op die aanklag; en
- moet die dissiplinêre komitee op die tyd en plek, die leerder in kennnis stel van die bevindings van die dissiplinêre komitee.

12.13 Indien die leerder skuldig bevind word aan die aanklag, kan die aanklaer en die leerder of die leerder se verteenwoordiger bewys aan die dissiplinêre komitee lewer wat relevant is tot 'n toepaslike straf, wat kan insluit maar nie beperk is nie tot bewys van die persoonlike omstandighede van die leerder, die leerder se algehele rekord van gedrag in die verlede by sy skool, die aard en erns van die onderhewige wangedrag en die belange van die skoolgemeenskap.

12.14 Onmiddellik nadat enige bewys wat kragtens subparagraaf 12.13 gelewer is, moet die dissiplinêre komitee 'n straf aan die leerder oplê kragtens die kode en hierdie kennisgewing en die leerder skriftelik daarvan verwittig.

12.15 Indien die dissiplinêre komitee besluit dat die leerder uit die skool gesit moet word, moet daar 'n aanbeveling aan die Afdelingshoof gemaak word en kan die komitee, in oorleg met die Afdelingshoof, die leerder van die skool skors, hangende die beslissing van die Afdelingshoof of die leerder uit die skool gesit moet word, al dan nie.

13. NOG BEPALINGE MET UITSETTING

13.1 Waar 'n dissiplinêre komitee 'n leerder verbied om die skool by te woon met die oog op uitsetting deur die Afdelingshoof, moet die dissiplinêre komitee die skoolhoof opdrag gee om die volledige rekord van verrigtinge aan die Afdelingshoof voor te lê asook 'n verslag wat opgestel is deur die dissiplinêre komitee ten opsigte van die leerder.

13.2 Die verslag moet ten minste die volgende insluit –
- die volle naam en geboortedatum en graad van die leerder;
- 'n opsomming van die bewys wat deur die aanklaer en die leerder gelewer is; en
- 'n opsomming van die bevindings van die dissiplinêre komitee met betrekking tot die bewys en die vonnis wat deur die komitee voorgestel is.

13.3 Nadat die volledige rekord van die verrigtinge en die verslag in subparagraaf 13.1 bedoel, en binne 5 (vyf) dae nadat die Afdelingshoof van die beslissing van die dissiplinêre komitee in kennis gestel is, moet hy
- die leerder uitsit;
- 'n geringer straf soos deur die kode en hierdie kennisgewing toegelaat aan die leerder oplê; of

- die leerder onskuldig bevind;
- en die regerende liggaam, die leerder, die ouers en die verteenwoordiger van die leerder in kennis stel van die beslissing deur, in die geval van die leerder, ouers en verteenwoordiger, 'n afskrif van die kennisgewing te lewer by die leerder se adres soos in die skoolregister aangedui.

13.4 Die kennisgewing soos in subparagraaf 13.2 bedoel, moet 'n verwysing insluit na die reg tot appel tot die Lid van die Uitvoerende Komitee indien die Afdelingshoof 'n leerder uitsit.

13.5 Indien die Afdelingshoof 'n leerder uitsit wat nie die verpligte skoolouderdom bereik het, moet die Afdelingshoof –

- verseker dat die leerder by 'n ander skool of leersentrum in die provinsie toegelaat word;
- daarop aandring dat die leerder berading ontvang; en
- gereelde vorderingsverslae ontvang ten opsigte van enige berading.

13.6 Indien die Afdelingshoof 'n leerder uitsit wat reeds die verpligte skoolouderdom bereik het, kan die Afdelingshoof gelas dat die leerder nie by 'n ander skool in die Provinsie her-toegelaat word nie.

14. SKORSING EN UITSETTING IN 'N KOSHUIS

14.1 Die bepalinge van paragraaf 12.3, 12.4, 12.5 en 12.6 is ook van toepassing op die skorsing en uitsetting van 'n leerder uit 'n koshuis.

14.2 Indien 'n leerder wat in 'n koshuis bly, geskors of uit 'n skool gesit word waaraan die koshuis verbonde is, sal die leerder geag word ook uit die koshuis gesit te wees.

14.3 'n Leerder kan uit 'n koshuis geskors of gesit word sonder om geskors te wees uit die skool waaraan die koshuis verbonde is.

14.4 Die koshuiskomitee vir uitsetting bestaan uit die Hoof, Koshuishoof en Koshuisvader.

15. APPÈL TEEN BESLISSING VAN DIE AFDELINGSHOOF OM 'N LEERDER UIT TE SIT

15.1 'n Leerder of die ouer van 'n leerder kan 'n appèl rig tot die Lid van die Uitvoerende Raad teen –

- enige skuldigbevinding deur die Afdelingshoof ten opsigte waarvan 'n straf of uitsetting opgelê is;
- 'n boete wat deur die Afdelingshoof opgelê is.

15.2 'n Leerder of die ouer van 'n leerder wat teen 'n beslissing wil appelleer oorweeg, moet binne 14 (veertien) dae van die verwittiging van die beslissing, 'n kennisgewing van appèl tesame met die gronde vir die appèl per hand aan die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad lewer.

15.3 Tensy 'n Lid van die Uitvoerende Raad op gegronde rede dit andersins gelas, sal die aantekening van 'n appèl nie tot gevolg hê die opskorting van die boete wat deur die Afdelingshoof opgelê is nie.

15.4 Binne 5 (vyf) dae van die ontvangs van die kennisgewing van appèl deur die Lid van die Uitvoerende Raad, kan die Afdelingshoof die regerende ligaam in kennis stel van die aantekening van die appèl en hulle van 'n afskrif voorsien.

15.5 Binne 5 (vyf) dae na ontvangs van die voorleggings in subparagraaf 15.5 bedoel, moet die Lid van die Uitvoerende Raad

- die appèl afwys;
- die leerder 'n geringer straf kragtens die kode en hierdie kennisgewing oplê;

- enige ander strafbepaling wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad as geskik geag word, oplê; of
- die leerder onskuldig bevind en die leerder en die Afdelingshoof van die beslissing verwittig.
- die beslissing deur die Lid van die Uitvoerende Raad ten opsigte van die appèl sal finaal wees.

16.1 Valse inligting of opsetlike verkeerde inligting by inskrywing kan lei tot permanente skorsing en word gevolglik verwys na die dissiplinêre komitee.

16.2 'n Leerder wat by 'n ander skool uitgesit/geskors is moet eers voor die dissiplinêre komitee verskyn alvorens hy/sy toegelaat word.

OORTREDING	**AANTAL KERE**	**UIT-SLUITING**	**OPMERKINGS**
Baklei op skoolterrein.	1e 2e	5 dae Permanent	Ouers in kennis gestel. Na ondersoek deur Dissiplinêre komitee van die Beheerliggaam.
Besit van gevaarlike wapens op die skoolterrein (anders as vuurwapens).	1e 2e 3e 4e	 2 dae 5 dae Permanent	Konfiskeer wapen – berisping, ouers in kennis gestel – konsulteer met SAPD – strafsessie. Konfiskeer wapen, ouers in kennis gestel. Konsulteer met SAPD. Konfiskeer wapen, ouers in kennis gestel. Konsulteer met SAPD. Dissiplinêre komitee. Onmiddellike verwysing na die dissiplinêre komitee vir permanente skorsing.
Besit van wapen op skool-terrein (vuurwapen).	1e		Skakel met SAPD – skakel met ouers, optrede na ondersoek – Dissiplinêre komitee.
Besit van pornografie op skoolterrein.	1e 2e 3e 4e	 2 dae 5 dae Permanent	Berisping – ouers in kennis stel, hou bewys vir ouers en vernietig daarna. Strafsessie. " " Dissiplinêre komitee. (Op 1e meriete)
Diefstal op skoolterrein.	1e 2e	2 dae 5 dae Permanent	Berisping – stel ouers in kennis van onderhoud strafsessie, skadevergoeding indien nodig. Stel ouers in kennis. Dissiplinêre komitee verhoor die saak.
Gebruik van gevaarlike wapen.		S.A.P.D., Ouers, Dissiplinêre komitee – uitsetting Dissiplinêre komitee dadelik t.w.v. veiligheid	
Drank op skoolterrein (onder invloed van drank). In besit van leë houers waarin drank was.	1e 2e	5 dae Permanent	Onderhoud met ouers. Dissiplinêre Komitee verhoor die saak. Onmiddellike verwysing na die dissiplinêre komitee vir tydelike of permanente skorsing . S.A.P.D.
Dwelmmiddels op skool, onder invloed van dwelms.		Permanent	Onmiddellike verwysing na die dissiplinêre komitee vir tydelike of permanente skorsing.
Gedrag: lieg, spuug, vloek, oneerlikheid, billike opdragte verontagsaam,	1e		Berisping – strafsessie

verbale arrogansie teenoor medeskoliere en personeel, vervalste brief inhandig, vervalste telefoonoproep.	2e 3e 4e	2 dae 5 dae Permanent	Ouers in kennis stel Ouers in kennis stel Dissiplinêre komitee hanteer meriete van saak
Fisiese geweld teenoor personeel.	1e 2e	5 dae Permanent	Interne ondersoek – verwys na Dissiplinêre komitee.
Handboeke beskadig.			Handboeke word teruggeneem, handboekgeld pro-rata terugbetaal en ouers koop self hand-boeke – stel ouers per brief in kennis.
Verlaat skoolterrein sonder verlof.			Strafsessie
Intimidasie, viktimisasie (Bullebak).	1e 2e 3e 4e	 2 dae 5 dae	Berisping – strafsessie. Ouers in kennis stel, strafsessie. Oueronderhoud Oueronderhoud
Laatkom: in klas sonder brief of geldige rede.	1e 2e 3e 4e	 2 dae 5 dae	Sluit uit bepaalde periode (na vierkant of saal) Strafsessie Ouers in kennis stel. Ouers in kennis stel.
Laatkom: Soggens	1e 2e 3e 4e	 2 dae 5 dae	Sluit uit bepaalde periode (na vierkant of saal) Kontak ouers. Stel ouers in kennis, strafsessie. Stel ouers in kennis, strafsessie.
Rook: op skoolterrein. In geselskap van andere wat besig is om te rook. In besit van sigarette/vuur-houtjies/aansteker.	1e 2e 3e 4e	strafsessie 2 dae 2 dae 5 dae	Berisping, ouers in kennis stel/terrein skoonmaak. Strafsessie. Ouers in kennis stel. Oueronderhoud (kan lei tot permanente uitsluiting).
Rommelstrooiing	1e 2e 3e 4e		Berisping – sorg vir nethied van terrein deur dit self op te ruim.
Stokkiesdraai: Klas(se) afwesig sonder rede of toestemming.	1e 2e 3e 4e	 2 dae 5 dae	Berisping, strafsessie. Ouers ontvang brief en strafsessie. Ouers ontvang brief. Oueronderhoud
Gedrag wat goeie orde in 'n multikulturele gemeenskap skaad.	1e 2e	 Permanent	Oueronderhoud Dissiplinêre komitee.
Stokkiesdraai: Hele skooldag of gedeeltelik ("slip" deel van die dag).	1e 2e 3e 4e	 2 dae 5 dae Permanent	Berisping, ouers in kennis gestel, strafsessie. Ouers ontvang brief vir onderhoud. Ouers ontvang brief vir onderhoud. Dissiplinêre komitee.
Oneerlikheid tydens eksaminering (alle vorme van ongerymdhede).	1e 2e 3e 4e	 2 dae 5 dae Permanent	Kry 0% - ouers in kennis gestel. Kry 0% - oueronderhoud. Kry 0% - oueronderhoud. Dissiplinêre komitee.
Vandalisme: Beskadig skool of personeel- of ander leerder se eiendom	1e		Berisping, dra finansiële skade, ouers in kennis stel.

(krap op banke/mure/ spuitverf/krap stopverf uitbreek van ruite).	2e 3e 4e	2 dae 5 dae Permanent	Dra finansiële skade – ouers in kennis stel Dra finansiële skade – ouers in kennis stel Dissiplinêre komitee
Pligsversuim/oortreding: VLR	1e 2e 3e 4e		Berisping met waarskuwing, stel ouers in kennis. Tydelike ontheffing van pligte, stel ouers in kennis. Permanente ontheffing van pligte, stel ouers in kennis. Dissiplinêre komitee.
Ander wangedrag op skoolterrein: Liefkosing in skooldrag. Omhelsing in skooldrag. Hand-om-die-lyf loop. Hande vashou.	1e 2e		Berisping Berisping, stel ouers in kennis, strafsessie.
Seksuele wangedrag.		Permanent	SAPD word gekontak, indien nodig na interne ondersoek Dissiplinêre komitee.
Steek ander leerder se eiendom weg.	1e 2e		Berisping Strafsessie
Grimering	1e 2e 3e	 2 dae	Berispe – reël datum vir korreksie. Was af, stel ouers in kennis, strafsessie. Was af , stel ouers in kennis.
Reëls in verband met hare.	1e 2e 3e 4e	 2 dae	Berispe, reël datum vir korreksie. Reël datum vir korreksie, strafsessie. Laat sny, stel ouers in kennis. Laat sny, stel ouers in kennis.
Juwele	1e 2e		Berispe en laat verwyder. Neem af tot einde van kwartaal.
Kleredrag – verkeerde skooldrag.	1e 2e 3e 4e		Berispe, teken aan op lêer, strafsessie (pouse). Vra na rede – stel ouers in kennis Indien doelbewus : strafsessie Indien doelbewus : strafsessie
Tas bekrap.	1e		Laat dit skoonmaak.
Ernstige vandalisme, spuit-verf, opsetlike saakbe-skadiging.		Permanent	S.A.P.D. – Na Dissiplinêre komitee – Ouers verhaal skade.
<u>Verbode terrein</u>: Klaskamer tydens pouse. Fietsloods en parkeerarea vir voertuie. Omgewing van fietsloods, busloods, swembad.	 1e 2e		 Berisping Strafsessie
<u>Huiswerk</u>: Nie gedoen nie of onvolledig gedoen. Versuim om opdrag in te handig. Swak toetsprestasie.	1e 2e 4e	 2 dae	Strafboek (Pienk vorm), laat oortreder teken na ondersoek. Stel ouers in kennis, reël vir pouse inbly. Strafsessie, stel ouers in kennis.

<u>Strafsessie</u>: Leerder daag nie op nie, of verskoning.	1e 2e	 2 dae	Sit middag by volgende geleentheid en kontak ouers. Stel ouers in kennis.
<u>VLR</u>: Wangedrag – soos vervat in Gedragskode.	1e 2e	 2 dae	Stel ouers per brief/telefoon in kennis – ouer-onderhoud. Opskorting as lid van die VLR. Alle strafmaatreëls soos vir ander leerders.
Optrede buite skoolver-band wat die beeld van die skool skaad Beeldskade, rook, drank-gebruik, bakleiery, dwelm-gebruik.	1e 2e 3e	2 dae 5 dae Permanent	Ouers in kennis stel, oueronderhoud Ouers in kennis stel, oueronderhoud Dissiplinêre komitee **L.W**.: Dwelmgebruik kan direkte en permanente skorsing tot gevolg hê ook waar die na amptelike skooltyd plaasvind.
Nie opdaag vir buite-muurse aktiwiteit.	1e 2e		Berisping. Strafsessie
Gebruik, lui van selfoon in klas – amptelike vergaderings en opening.			Konfiskeer – R20-00 boete om terug te kry.

L.W.: Alle aangeleenthede word op meriete hanteer afhangende van die aard van die oortreding. Al sou 'n kode nie vir skorsing voorsien maak nie, kan dit wel plaasvind afhangende hoe ernstig die oortreding is.

- Waar leerders vooraf gewaarsku word i.v.m. netheid en dit word nie reggestel nie,word leerders huistoe gestuur.
- Waar dit weens vervoer nie prakties moontlik is nie, word die leerder klas geweier totdat die aan-geleentheid reggestel is.

AFSKEURSTROKIE

Hiermee erken ek _____ Gr./_____ ontvangs van die Gedrags-

kode van Hoërskool Vereeniging en ek is deeglik op hoogte met die inhoud daarvan.

..... **.....**
HANDTEKENING LEERDER **DATUM**

..... **.....**
HANDTEKENING OUER/VOOG **DATUM**